



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V1

NOVEMBER 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: RUBRIEK, SPOTPRENT EN WERKKAART****Nasien van van leesbegrip**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by HT geenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING-vrae word die punte verdeel: 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling. Indien WAAR/ONWAAR nie korrek is nie, kan kandidaat nie 'n punt vir die korrekte motivering kry nie. Indien geen WAAR/ONWAAR, maar die korrekte motivering ontbreek, verbeur kandidaat sy punt.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie geenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal as Afrikaans gebruik, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat **nie geenaliseer** nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies. (Slegs by Afdeling A)
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter **OF** die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

Vraag	Antwoord	Punt	LU	AS	Denkvlak
1.1.1	472√ / 472 goue medaljes (kern van antwoord bly getal)	1	2	.2.1	1
1.1.2	soeklees/vluglees/Ek het na syfers gesoek√	1	2	.1.3	1
1.2	Hy dink hulle is kleingeestig/kleinlik/arrogant/ hoogmoedig en het niks bereik nie.√ /Hy voel negatief teenoor hulle/hou nie van hulle nie/ respekteer hulle nie. Nie-gestremdes openbaar nie 'n gesonde gees nie / Die skrywer is nie beïndruk nie, want hulle het maat vrot gevaar. "Kleinlike gevegte...gekla...handgemeen geraak...dreigende kommissie van ondersoek... een silwer medalje"/Hy dink hulle is arrogant – 'arrogant'√ (Antwoord en bewys kan dieselfde wees, maar moet sluit.)	2	2	.2.5	3
1.3	Natalie sou 'n medalje gewen het/onder die eerste drie geëindig het √ as sy deelgeneem het.√ /Dit was al die tweede fout. √ /Die administrasie was swak/nie goed genoeg nie. √ (Enige twee)	2	2	.2.4	1
1.4	Nederigheid/beskeidenheid/(goeie) sportmanskap/ ondersteuning/meelewend/groothartigheid/ dankbaarheid/blydskap/ gemeensamheid/mededeelsamheid [nie wedersydse respek nie] (Enige twee)√√	2	2	.2.1	2
1.5	bv. Die menslike gees is ontembaar√√ en kan ten spyte van terugslae genees/opstaan/oorwin.√√ Daar is altyd hoop./Gebreke kan oorkom word.√√/ Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg.√√ (Gee krediet vir eie begrip, al is enkele tekswoorde herhaal.)	2	2	.2.1	3

1.6	<p>Hulle versorg/bemoedig / bygestaan / gemotiveer/ atlete fisies versorg/Hulle ondersteun die atlete/Hulle werk dalk harder en offer meer op sodat die atlete kan presteer. √ (Indien tot by “troos” aangehaal, √)</p> <p>[Indien die hele paragraaf aangehaal is, verbeur kandidaat die punt.]</p>	1	2	.2.1	1
1.7	<p>Suid-Afrikaners kan hul foute erken en regstel.√/ Suid-Afrikaners kan heeltgemaakte landsburgers word.√ /Dit sal √ ons harder laat werk om van SA 'n sukses te maak.√</p> <p>[Dit hoef ook nie noodwendig 'n positiewe les wees nie]</p>	1	2	.1.2	3
1.8	<p>Eie gemotiveerde antwoord, bv. Harde werk en deursettingsvermoë word beloon./'n Mens moet nederig wees oor jou sukses./Gebreke moet nie as verskoning gebruik word nie./Maak die beste met wat jy tot jou beskikking het./Gebreke kan oorkom word./Die menslike gees kan ten spyte van terugslae weer genees en sterk terugkom. Wees dankbaar vir wat jy het / Ons moet nie ons tekortkominge miskyk nie/Gebruik jou talente en wees dankbaar vir wat jy het / Moenie oor alles kla nie/ Vermyn kleinlike optrede / Niemand is volmaak nie √</p> <p>[Gee krediet vir 'n persoonlike response wat <u>met die leesstuk verband hou</u> aangesien hierdie 'n oop vraag is.</p> <p>Indien 'n siniese antwoord aangebied word, verdien kandidate geen punt nie, bv. Ek het niks geleer nie]</p>	1	2	2.10	4

1.9	<p>Die seuntjie s'n is informeel X die man s'n is formeel.../ Die seuntjie s'n is formeel en die man nie√√</p> <p>/... goedkoop X ... duur√√</p> <p>/... eenvoudig X deftig √√</p> <p>gesofistikeerd/professioneel √√</p> <p>ligte X donker klere √√ /</p> <p>swart x wit √√ /</p> <p>gemaklik x deftig √√ /</p> <p>loslitkleredrag x besigheidsklere √√ /</p> <p>Die volwassene se kleredrag word gespesifiseer t.o.v. die land waarvandaan dit kom, maar die seuntjie s'n is onbenoem. √√</p> <p>(Alternatiewe korrekte sinonieme word aanvaar, maar dit moet twee kontrasterende begrippe vir twee punte wees, anders geen punte)</p>	2	2	.2.1	2
1.10	Die wêreld/die aardbol/aarde/al die mense van die wêreld√	1	2	.2.9	3
1.11	<p>Selfingenome/selfversekerd/trots/vernaam/aanstellerig/meerderwaardig/selfvoldaan/selftevredeheid/belangrik/arrogansie/verwaandheid/aanmatigend/baasspelerig/grootkop/hoogmoed √ (Alternatiewe, korrekte sinonieme word aanvaar, maar die ingesteldheid moet 'n negatiewe konnotasie hê. Indien ingesteldheid korrek omskryf is, gee krediet vir antwoord)</p>	1	2	.2.6	4
1.12	<p>Wêreldoorheersing (in uitvoer/die tekstielbedryf)√</p> <p>/baasskap oor die tekstielbedryf√/om die wêreld van China afhanklik te maak√/magsbeheptheid√</p> <p>(Enige sinvolle afleiding)</p>	1	2	.2.1	1

1.13	<p>'n Kind praat nie gewoonlik oor wêreld-oorheersing nie. ✓ /Die indruk word geskep dat dit wat gesê word sommer kinderpraatjies is, terwyl dit eintlik oor 'n ernstige saak handel. ✓/China wil die wêreld oorwin deur onskuldig voor te kom / 'n Kind is nog nie in die sakesektor betrokke nie✓/ Die kind wat môre se leier is, is juis nie so magbehep soos volwassenes nie✓ / Uit die mond van die suigeling sal jy altyd die waarheid hoor✓/ Die seuntjie dra self nie klere wat van Chinese afkoms getuig nie✓/Dit is ironies omdat China beslis nie meer 'n kind in die wêreld ekonomie is nie. ✓</p>	1	2	.3.1	4
1.14	<p>Die kat draai sy rug op die Chinese produkte en ondersteun ons eie Suid-Afrikaanse mark (vir volhoubare werkskepping)/Die kat is trots Suid-Afrikaans (en koop ons eie produkte.)/Die kat stel die voorbeeld – draai jou rug op Chinese produkte en koop liever Suid-Afrikaans. Dit is goed dat jou eie land sy eie produkte vervaardig en verkoop / koop✓ / Ons is nie afhanklik van Chinese produkte nie ✓ [Die oorkoepelende gedagte hier moet wees dat Suid-Afrikaanse produkte voorkeur moet geniet.]</p>	1	2	.1.6	3
1.15	<p>Winter. ✓ Daar is baie verwagte minimum temperature onder vriespunt/die weerkaart het in Junie verskyn./ Minustemperature kom nie in die somer voor nie/ temperature is baie laag / temperature is baie koud / Kaapse streke kry reën gedurende die winter✓ (Antwoord en motivering moet sluit vir twee punte)</p>	2	2	.2.3	2

1.16	Die bron waaruit die kaart kom√ Die weer kan op papier gesien word√ en die visuele voorstelling van die weer √/ Die weervoorspelling is weer 'n keer in die koerant gepubliseer √ / Daar is nie 'n tweeledige betekenis nie, want Beeld met die hoofletter dui net op die koerant. √√	2	2	.2.1	1
1.17	Nêrens nie √	1	2	.3.1	4
1.18	Waar. √ Dis wetenskaplik bewysbaar./Die inligting word deur die weerburo verskaf./Die inligting word met behulp van 'n gesaghebbende proses ingewin.√ Die inligting op die kaart is n.a.v. deeglike studie aangebring√ OF Onwaar√ 'n Weervoorspelling is 'n voorspelling en 'n voorspelling kan nie op feite gebaseer wees nie√	2	2	.2.1	2
1.19.1	B/partypolitiek C/inklusiwiteit D/klimatologie E/ekonomie	1	2	.1.5	3
1.19.2	A/seismologie B/partypolitiek C/inklusiwiteit D/klimatologie E/ekonomie	1	2	.1.5	3
1.19.3	D/klimatologie	1	2	.1.5	3

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****LU2 AS2.1.5****Nasien van die opsomming**

- Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul **eie sinne** kan skryf.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. Opsommings in die verkeerde formaat word geassesseer, maar vir die doel van hierdie eksamen word die kandidaat dan met -1 aan die einde gepenaliseer.
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/bepanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken vir **HT**:
 - 7 punte vir 7 feite
 - 3 punte vir taal
 - Penaliseer soos volg:
 - ❖ Indien die opsomming te lank is, word slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
 - ❖ Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie.**
 - ❖ Taalfoute (grammatika, spelling en puntuasie): trek soos volg af van die 3 punte wat toegeken word vir taal. Dui alle foute aan al word dieselfde fout herhaal. Penaliseer ook vir taalfoute by irrelevante feite of verkeerder feite.

0 – 4 foute:	geen penalisering
5 – 10 foute:	trek 1 punt af
11 – 15 foute:	trek 2 punte af
16 foute of meer:	trek 3 punte af
- ❖ Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:

1 – 3 volledige sinne aangehaal:	geen penalisering
4 – 5 volledige sinne aangehaal:	trek 1 punt af
6 – 7 volledige sinne aangehaal:	trek 2 punte af
- ❖ Trek 1 punt af van die totale punte toegeken indien die kandidaat nalaat om getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

LET WEL: Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

DEURBRAAK VIR GEWRIGSPYN

Die memorandum gee moontlike formulerings van die voordele. Alternatiewe uitdrukkings van dieselfde feit word ook aanvaar. Onthou die vraag vra **SEWE VOORDELE VAN SIANIDIEN**.

TEKS	MOONTLIKE ANTWOORD
4. Sianidien kan glukosamien-afskieding help stimuleer. Glukosamien is 'n belangrike verbinding wat beenselle nodig het om kraakbeen in stand te hou en te herstel. Soos wat 'n mens ouer word, verlaag die glukosamienvlakke.	1. Sianidien stimuleer glukosamien-afskieding.√
5. Dit kan inflammasie help beperk omdat dit die afskieding van sekere ensieme wat by die inflammasieproses betrokke is, onderdruk .	2. Dit kan inflammasie beperk./ Sianidien onderdruk ensieme. √
6, Dit kan help om kollageen en elastien , belangrike struktuurproteïene in die bloedvatwande, bindweefsel en spiere, gesond te hou .	3. Dit help om kollageen en elastien gesond te hou. √
7. Sianidien kan help om die ensiem wat kollageen afbreek, te onderdruk en die gewrigte teen verdere skade te beskerm.	4. Sianidien kan help om kollageen af te breek. √
8. Dit het anti-inflammatoriese eienskappe en kan pyn help verlig .	5. Dit verlig pyn. √
9. Dit kan bloedsirkulasie help stimuleer. Goeie bloedsirkulasie is nodig om afvalstowwe wat in die gewrigte mag saampak, te help wegvoer om só die irritasie wat dit veroorsaak, te verminder.	6. Dit stimuleer bloedsirkulasie. √
10. Dit kan ook verligting van jig bring omdat dit inflammasie help beveg. Jig is 'n tipe artritis, maar is makliker om te voorkom of te behandel as die ander tipes.	7. Dit bring verligting van jig. √

[10]

Die kandidaat moet 90 woorde skryf.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: KOERANTARTIKEL, ADVERTENSIE EN STROKIESPRENT****Nasien van hierdie afdeling**

- Spelling
 - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsinantwoorde word verkeerde spelling net geenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksies aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en puntuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

DIE KANDIDAAT MAG BY EEN-WOORD-ANTWOORDE HOOFLETTERS GEBRUIK

Vraag	Antwoord	Punt	LU	AS	Denkvlak
3.1	instinktief√ (Spelling moet korrek wees.)	1	4	.1.9	1
3.2	boesemvriende/Dawid en Jonat(h)an√/ boetie- boetie speel	1	4	.2.13	2
3.3	persoonlikhede√ (Spelling moet korrek wees.)	1	4	.1.5	1
3.4	vreemde/internasionale/ uitlandse / buitelandse (nie uitheems nie) √	1	4	.1.9	1
3.5	grasgroen / lowergroen√ (Spelling moet korrek wees.)	1	4	.1.6	1
3.6	klein√ (Spelling moet korrek wees.)	1	4	.1.4	3
3.7	bv. 'n grafiese ontwerper wat in Kaapstad (woon)/ (ook ander werkwoorde). / ... 'n grafiese ontwerper van Kaapstad wat slegs op mooi klere konsentreer	1	4	.2.5	2

3.8	(Andries Odendaal/Hy) sê dat dit 'n lang proses van byna twee jaar was om uiteindelik by die aanvaarde ontwerp uit te kom. √ OF Andries Odendaal sê dit was 'n lang proses van byna twee jaar om uiteindelik by die aanvaarde ontwerp uit te kom. √ (nie het gesê nie)	1	4	.2.9	2
3.9	A of Kontaminasie√	1	4	.1.7	1
3.10	A of Kwalifikasies√	1	4	.1.9	1
3.11	Hulpwerkwoord/medewerkwoord (van wyse) / modale hulpwerkwoord√	1	4	.2.2	1
3.12	Dat dit 'n luiperd moet wees, nie 'n leeu nie, was my idee.√ (Hele sin of frase)	1	4	.2.10	2
3.13	toegestaan/toegeken √ (nie uitgereik)	1	4	.2.1	3
3.14	Zakumi lyk nou goed/aanvaarbaar/reg. (Dui 'n laer graad aan – nie fantasties, wonderlik, perfek ens. nie.) √	1	4	3.3	3
3.15	Die maakproses is fyn dopgehou (deur FIFA se mense). √ OF Die maakproses is fyn (deur FIFA se mense) dopgehou. OF Die maakproses is deur FIFA se mense fyn dopgehou√	1	4	.2.8	2
3.16	Ons land op die maan./Sy praat land en sand./ Die land aan iets hê/Lank in die land/Liewe land! Die hele land trek op na Loftus / Die koring op die land is nog groen / Die vliegtuig het geland√	1	4	.1.8	1
3.17	C/erken√ (Spelling moet korrek wees./Nie reken nie, dis 'n anglisisme)	1	4	.1.9	1
3.18	skeppende√ (Spelling moet korrek wees.)	1	4	.2.3	1

3.19	Reuse treë word groter as babatreetjies geskryf en dit beklemtoon die erns/sukses/groot ideale/ (Enige alternatiewe antwoord word aanvaar).√ [Nie net beklemtoon nie]	1	2	.4.1	2
3.20	Ons doen wat ons sê / Ons begin werk / Dadelik handelend optree.√	1	4	.2.13	3
3.21	potensiële√ (Spelling moet korrek wees.)	1	4	.2.1	1
3.22	nie√ (Moenie “nie edel nie” aanvaar nie)	1	4	.1.4	3
3.23	B/stilstaande √ (Spelling moet korrek wees.)	1	2	.1.6	3
3.24.1	e OF era√	1	4	.1.3	1
3.24.2	Latyn(s)√	1	4	.1.3	1
3.25	internasionale/transnasionale/multinasionale/ wêreldwye√ (Spelling moet korrek wees. Nie globale nie, pas nie in konteks nie)	1	4	.1.9	1
3.26	As ‘aan’ gebruik word, word Exxaro deur iemand verwelkom. √ As ‘by’ gebruik word, verwelkom Exxaro sy klante. √	2	4	.2.1	3
3.27.1	Flo groet hom nie as hy tuis kom nie./Niemand groet hom as hy tuis kom nie. / Niemand heet hom welkom as hy by die huis kom nie √	1	4	4.3.1	3
3.27.2	Andy kom snags baie laat by die huis./Andy is soos ’n nagdier./Hy kom laat √	1	4	4.3.1	3

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70